SAKOV-Studiebeurse vir studie in Orrel, Orrelbou en Kerkmusiek 2021

BELANGRIKE INLIGTING VIR AANSOEKE TYDENS 2021

- Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie 2021
- Sluitingsdatum vir opnames: 06 Augustus 2021
- Kandidate het tot einde-Junie om hul SAKOV-lidmaatskapfooie vir 2021 te betaal alvorens daar vir die beurs aansoek gedoen word.
- 'n Voorgestelde program moet saam met die beursaansoek ingedien word vir goedkeuring deur die Beurspaneel vóór die opname gedoen word. Programme met uitsluitlik *manualiter* komposisies sal aanvaar word mits die betrokke werke dienooreenkomstig op die standaard is vir die beurs waarvoor aansoek gedoen word.
- Die Beurswennerskonsert word op 17 en 18 September 2021 in 'n aanlyn formaat in samewerking met die AJV gehou en sal saamgestel word uit aansoeke van die kandidate.

1. Doelstelling en omskrywing

Die Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging (SAKOV) stel hiermee die **SAKOV-STUDIE-BEURSE** vir verdienstelike studie in Orrel, Orrelbou en Kerkmusiek vir 2021 bekend. Die beurse het ten doel om finansiële ondersteuning te bied om die bevordering van die gehalte van orrelspel, orrelstudie, orrelbou en navorsing op die gebied van Kerkmusiek in Suider-Afrika te stimuleer.

Die volgende beurse is beskikbaar:

Orrelstudie
- Nagraadse studiebeurse: Doktoraal, Magister en/of Honneurs
- Voorgraadse studiebeurse: Hoofinstrument, Tweede-instrument en/of Nie-graaddoeleindes
- Studiebeurse vir skoliere
- Studiebeurse vir kerkorreliste

Kerkmusiek (Akademies)
- Nagraadse studiebeurs: Doktoraal, Magister en/of Honneurs

Orrelbou/-stem
- Opleidingsbeurse

Reisbeurs
- Reisbeurse (vir praktiese deelname OF vir akademiese kerkmusiek) wat aangewend moet word vir reiskoste, verblyfkoste en inskrywingsfooie vir die bywoning van **en** deelname aan 'n oorsese orrel- of kerkmusiekkursus/-simposium/-kongres.
- 'n Reisbeurs aan orrelbou-/stem-vakleerlinge vir die bywoning **en** deelname aan 'n oorsese kursus/simposium/kongres.

2. Aansoekprosedure en sluitingsdatum

- Die meegaande aansoekvorm moet volledig ingevul word en saam met 'n gewaarmerkte afskrif van bewys van identiteit (identiteitsdokument of paspoort), 'n foto (**slegs** swart/wit), asook 'n bewys van registrasie aan 'n tersiêre of ander instansie, of 'n brief van die onderwyser/orrelbouer, ge-epos word aan die Voorsitter van SAKOV by marionell2@gmail.com.
- Aansoeke vir beurse vir **orrelstudie** word in die vorm van opnames hanteer.
- Aansoeke vir **akademiese beurse** geskied by wyse van 'n akademiese navorsingsvoorstel waarin dié aspekte van die ontwikkeling en bevordering van Kerkmusiek in Suider-Afrika wat ondersoek gaan word, uiteengesit word.
- Aansoeke vir beurse vir **orrelboustudie** moet vergesel wees van 'n aansoekbrief en motivering deur die kandidaat waarin sy/haar doelwitte duidelik uiteengesit is, 'n koste-uiteensetting vir die beoogde opleiding, asook 'n aanbeveling deur die orrelbouer by wie die kandidaat sy/haar opleiding sal volg. Die orrelbouer se aanbeveling moet direk aan die Voorsitter gestuur word.
- Aansoeke vir die **reisbeurse** moet vergesel wees van 'n motivering en beoogde koste-uiteensetting met betrekking tot die voorgenome reis.
- **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 Junie 2021.**

3. Oudisies en finale rondte

- Die Uitvoerende Komitee sal reëlings tref dat 'n **professionele en ongeredigeerde oudio-visuele DVD-opname** van elke kandidaat as 'n volwaardige oudisie gemaak word. Opnames sal geskeduleer word vanaf begin-Augustus 2021 in Bloemfontein, Port Elizabeth, Pretoria en Stellenbosch. Kandidate wat self opnames wil maak moet vooraf toestemming van die Voorsitter hiervoor verkry.
- Die program vir die finale konsert sal deur die beoordelaars saamgestel word. Tydens hierdie konsert word die beurswenners aangekondig en die beurse oorhandig.
- 'n Paneel orrelspesialiste sal deur SAKOV se Uitvoerende Komitee saamgestel word om die beoordeling tydens beide rondtes te hanteer.
- Die beslissing van die paneel is finaal en daar sal geen korrespondensie in die verband gevoer word nie.

4. Programvereistes en riglyne vir beoordeling

Kandidate moet aan die programvereistes voldoen. Vir enige veranderinge aan die programvereistes, moet daar vooraf toestemming verkry word. vanaf die Voorsitter.

A. Alle praktiese beurse, UITSLUITEND die kerkorrelistebeurs

- Kandidate vir graadstudiebeurse moet 'n voorlopige program met hul aansoeke vir goedkeuring voorlê.
- Elke program moet werke uit ten minste DRIE stylperiodes insluit.
- Die speel van 'n substansiële koraalvoorspel, -fuga, -fantasie of -partita is verpligtend.
- Die insluiting van 'n 18de-eeuse werk met kontrapuntale elemente is verpligtend.
- Die insluiting van 'n werk uit een van die SAKOV-bundels is vepligtend.
- Werke mag in die finale rondte herhaal word.
- Die tegniese standaard van die stukke moet in ooreenstemming wees met die beurskategorie waarvoor aansoek gedoen word.
- Die tydsdure vir die verskillende kategorieë is soos volg:

• Doktorale beurs:	50-60 min
• Magisterbeurs:	35-40 min
• Honneursbeurs:	30-35 min

- Voorgraadse beurs: 25-30 min
- Tweede-instrumentbeurs: 20-25 min
- Beurs vir orrelstudie (nie-graaddoeleindes): 15-20 min
- Beurs vir skoliere: 10-20 min
- Beurs vir kerkorreliste: 25-30 min

- Kandidate word gewys op die bepalings van die wet op kopiereg en word versoek om daarby te hou.
- Een stel kopieë van al die bladmusiek wat voorgespeel gaan word moet geskandeer word en elektronies met die aansoekvorm ingehandig word.

B. Kerkorrelistebeurs

Alle ontvangers van 'n Kerkorrelistebeurs MOET in 2021 een van die SAKOV Konservatorium vir Orrelmusiek se eksamens aflê. Kandidate kan kies om 'n volledige eksamen af te lê, of slegs 'n evaluering te doen. Die sillabi is op die SAKOV-webtuiste beskikbaar. Kandidate kan ook skriftelik versoek om alternatiewe repertorium voor te speel. Só 'n versoek moet gerig word aan die Voorsitter en moet die inskrywingsvorm vergesel.

Elke program moet die volgende insluit:

- Vyf (5) korale/liedere vir gemeentesangbegeleiding, gekies uit enige van die erkende liedbundels tans in gebruik in Suider-Afrika, waarvan ten minste twee lofliedere, en ten minste twee boete/toewydingsliedere/gebede moet wees. Dit word aanbeveel dat liedere só gekies word dat hulle in tematiese verband tot mekaar staan.
- Elke koraal moet 'n gepaste inleiding hê (nuut gemaak of uit een van die bestaande SAKOV-inleidingbundels), en van elkeen moet minstens twee kontrasterende strofes (t.o.v. teksinhoud) gespeel word. Dit is belangrik dat die karakter van die teksinhoud weerspieeël word in die interpretasie t.o.v. registrasie, harmonisasie, frasering en tempokeuse waar gepas. Alternatiewe harmonisasies is nie verpligtend nie, maar kan gebruik word waar gepas. Sulke harmonisasies moet ook voorgelê word, en sal met toestemming van die komponis oorweeg word vir publikasie. Weereens is daar 'n keuse tussen eie of reeds-gepubliseerde harmonisasies. Die Inleidingsbundels is aflaaibaar vanaf SAKOV se webblad.
- Een of twee koraalvoorspel(e)/koraalpartita(s)/koraalvariasie(s) met 'n totale tydsduur van 6-10 min, gekies uit die een van die bestaande SAKOV-bundels (2010, 2011, 2013 en 2019).
- Raadpleeg gerus die syllabus van 2020 vir repertoriumvoorstelle.
- Die tydsduur vir hierdie kategorie is 25-30 min.
- Hierdie beurs is gemik op aktiewe kerkorreliste. Geen spesifieke standaard van orrelspel word hier voorgeskryf nie. Die beoordelaarspaneel wil wel sien dat daar jaarlikse vordering is in die standard van spel. Vir hierdie rede word daar van die candidate verwag om elke jaar 'n SAKOV eksamen af te lê. (Sien *Algemene Beursvoorwaardes*)
- Die beurswenners in hierdie kategorie moet onderneem om orrellesse by voorafgoedgekeurde orrelonderwysers te neem soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee.
- Kandidate word gewys op die bepalings van die wet op kopiereg en versoek om daarby te hou.

5. Algemene Beursvoorwaardes

- Slegs bestaande SAKOV-lede kwalifiseer om aansoek te doen vir die Beurs. Aansoekvorms vir nuwe lede is op SAKOV webwerf beskikbaar.
- Die skriftelike ooreenkoms van die beursbepalings tussen die Donateur, verteenwoordig deur die Administrateur, en SAKOV is bindend.
- Die aantal beurse kan aangepas word na gelang van die fondse wat beskikbaar is in die betrokke jaar, en die gehalte en getal inskrywings in die betrokke jaar.
- Daar is geen ouderdomsbeperking vir aansoekers nie.
- 'n Volledige skriftelike voorlegging moet by alle aansoeke bygevoeg word om te verduidelik hoe en in watter mate daar beplan word om betrokke te wees tot verdere bydrae en bevordering van kerkorrelspel en/of Kerkmusiek in Suider-Afrika.
- Alle ontvangers van beurse vir Voorgraadse studies, Nie-graad doeleindes, Tweede instrument, Skoliere en Kerkorreliste MOET in 2022 een van die Konservatorium vir Orrelmusiek se eksamens aflê. Die nuutontwikkelde sillabus (2020) kan van die SAKOV webblad afgelaai word of direk versoek word van Dr Gerrit Jordaan (jordaan.gerrit@gmail.com). Kandidate mag ook'n skriftelike versoek instuur om alternatiewe repertorium voor te lê – so'n versoek moet aan die Voorsitter gerig word en saam met die beursaansoekvorm ingestuur word.
- Vir die volgende drie (3) jaar mag kandidate kies of hulle hierdie of die vorige eksamensillabus (soos vir 2019) wil volg.
- Ontvangers van die nagraadse- en oorsese studie- en reisbeurse (orrel en kerkmusiek) sal die betrokke beurs slegs eenmalig ontvang.
- Ontvangers van die reisbeurse moet binne een (1) maand na afloop van die oorsese kursus/simposium/kongres bewys van bywoning en deelname aan die Voorsitter lewer.
- Alle beurse is ten volle met rente terugbetaalbaar indien die ontvanger nie die studie/studiejaar voltooi of voldoende vordering toon nie.
- Onvolledige aansoekvorms, asook aansoekvorms wat laat ontvang word, sal lei tot diskwalifikasie.
- Aankondiging van die beurse sal jaarliks tydens die naweek van SAKOV se Algemene Jaarvergadering plaasvind.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie om die uitslag met die Administrateur, of enige lid van die SAKOV-Bestuur te bespreek, sal toegestaan word nie. Die beoordelaars en die Administrateur behou die reg om die toekenning van beurse te weerhou.
- Kriteria vir kandidaatfoto's:
    1. Dit moet in elektroniese formaat wees.
    2. Die foto moet nie 'n donker agtergrond hê nie.
    3. Dit moet 'n portret-foto wees (dus van die gesig en skouers).
    4. Die grootte moet ten minste 2MB wees.
    5. Dit moet in JPEG- of BMP-formaat wees.

AANSOEKVORM

SAKOV-Studiebeurse vir studie in Orrel, Orrelbou en Kerkmusiek 2021

SAKOV-lidnommer: _____

Beurs waarvoor aansoek gedoen word:_____

Vorige SAKOV-beurs(e) toegeken: Ja ☐ Indien ja, watter beurs(e)?:_____

Nee ☐ _____

_____

Persoonlike besonderhede

Van en Voorname _____

Woonadres _____

Posadres _____

Geboortedatum _____ ID-/Paspoortnommer _____

Telefoonnommer _____ (H) _____ (S) Faksnommer _____

E-posadres _____

Naam van inrigting / skool _____

Studierigting / Graad _____

Studieleier / Onderwyser _____Telefoonnommer _____

Ek, _____, verklaar hiermee dat alle inligting hierbo korrek is, dat ek die reëls van die kompetisie gelees het, en dat ek dit verstaan en aanvaar.

Handtekening (Aansoeker / Ouer / Voog) _____ Datum: _____

E-pos of faks die voltooide aansoekvorm, tesame met 'n gewaarmerkte afskrif van ID/paspoort, foto en bewys van registrasie/brief van onderwyser aan die Voorsitter, Dr. Mario Nell (marionell2@gmail.com).

Navrae: marionell2@gmail.com
Sluitingsdatum: 30 Junie 2021
www.sakov.co.za